## AFDELING D: LETTERKUNDE

## *BLADSAK* – Lucas Malan

## VRAAG 6

## VERHAAL A: " KONING LEEU SE GESKENKE " – Pieter W Grobbelaar

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • Dit was wet.<br>• Jy mag nie koning Leeu se opdragte geweier het nie.<br>• Dit was die koning se opdrag.<br>• Die koning wou geskenke uitdeel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.2 | Boerbok se vrou | 1 |
| 6.3 | • Gesing<br>• Gedans<br>• Geëet<br>• Gedrink<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 6.4 | • B<br>• tevrede<br>• B tevrede<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.5 | • Koning Leeu het gesê dat niemand mag kies nie.<br>• Koning Leeu het self besluit wie kry wat.<br>• Koning Leeu het vir die diere gesê dat as hulle gryp, hulle niks sou kry nie.<br>• Koning Leeu het gesê dat die diere wat vraatsig was, hulle geskenke laaste sou kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6 | Nee.<br>• Dis ongeskik om 'n geskenk te gryp.<br>• Leeu het die diere gewaarsku om nie geskenke te gryp nie.<br>• Olifant was gulsig/vraatsig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Ja.<br>• Olifant was bang hy gaan nie horings kry nie.<br>• Olifant wou ook soos Bok spog.<br>• Olifant was bang hy gaan 'n verkeerde/lelike/minderwaardige geskenk kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.7 | • D<br>• ... het nie na hom geluister nie.<br>• D ... het nie na hom geluister nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.8.1 | dankbaar | 1 |
| 6.8.2 | uitsoekerig | 1 |
| 6.9 | • Mense is ook soms bang ander mense kry iets beters as hulle.<br>• Mense voel ook soms ongelukkig as hulle gestraf word al was hulle verkeerd.<br>• Mense is soms eers tevrede as hulle iets beters as ander gekry het.<br>• Mense praat lelik met mekaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | Ja.<br>• Dassie het nie van sy (lang, dun) stert gehou nie.<br>• Hy het die stert begrawe eerder as om moeilikheid te veroorsaak.<br>• Dassie wou van die lelike geskenk ontslae raak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)*<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dis verkeerd om 'n geskenk te begrawe.<br>• Dis verkeerd om nie 'n geskenk te waardeer nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)* | 1 |
| 6.11 | beste | 1 |
| 6.12 | • Al die diere het 'n uitnodiging van Leeu ontvang.<br>• Leeu wou vir al die diere geskenke gee.<br>• Leeu het moeg geraak vir die diere se gekla.<br>• Leeu het honger geword en sommer enige geskenk vir enige dier gegee.<br>(*Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die regte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.13 | • Koning Leeu het vir die diere geskenke gegee.<br>• Koning Leeu het 'n partytjie vir die diere gereël.<br>• Koning Leeu het melk en heuning (en nie vleis) vir die diere gegee om te eet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.14 | • Leeu was moeg vir die diere/die partytjie.<br>• Leeu wou net gehad het dat die diere moet klaar kry/huis toe gaan.<br>• Leeu was moedeloos omdat daar so min geskenke oorgebly het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.15 | altyd die beste vir jouself moet vra | 1 |

**VERHAAL B: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.16 | (Die) muti-vrou | 1 |
| 6.17 | • As (sy) die meisie in die moeilikheid was.<br>• As (sy) die meisie iets nodig het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.18 | • Kos/vleis (om te eet).<br>• Water (om te drink). | 2 |
| 6.19 | • Sy was bekommerd oor haar dogter.<br>• Sy wou hê dat haar dogter gelukkig moes wees.<br>• Sy het raad gaan vra by die muti-vrou om haar kind te beskerm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.20 | bang | 1 |
| 6.21 | • B<br>• sy waarde verloor het.<br>• B sy waarde verloor het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.22 | • C<br>• dit die meisie se lewe in gevaar gestel het.<br>• C dit die meisie se lewe in gevaar gestel het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23 | • Die meisie het die sakkie oopgemaak om daarin te kyk.<br>• Die meisie het die jong man in die sakkie laat kyk.<br>• Die meisie het nie haar belofte nagekom nie.<br>• Die meisie het nie na haar ma geluister nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.24 | • Die sakkie kon hulle nie meer help nie.<br>• Die jong man het alles van die meisie geweet.<br>• Die jong man het die meisie in die moeilikheid laat beland.<br>• Die jong man was bang die meisie gaan die skuld op hom pak.<br>• Die jong man het skuldig gevoel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.25 | Nee.<br><br>• Die sakkie het haar gehelp toe sy in die moeilikheid was.<br>• Dit was nie die sakkie se skuld dat dit haar nie meer kon help nie.<br>• Jy gooi nie net iets weg wat jou voorheen gehelp het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Ja.<br><br>• Die sakkie was toe nie meer van hulp nie.<br>• Dit help nie om onnodige goed saam te dra nie.<br>• Jy moet onnodige goed weggooi.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.26 | • Die meisie wou loop waar sy wil.<br>• Die sakkie het niks meer vir die meisie beteken nie.<br>• Die jong man het die meisie verlaat.<br>• Die meisie het stories uitgedink terwyl sy van dorpie tot dorpie geloop het.<br>(*Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die regte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br><br>1 |
| 6.27.1 | stories | 1 |
| 6.27.2 | lewens | 1 |
| 6.28 | • Die meisie kon weer die sakkie met stories volmaak.<br>• Die jong man het weer na haar toe teruggekom.<br>• Die krygsmanne het die meisie laat gaan en sy kon weer loop waar sy wou en stories uitdink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.29 | • Die sakkie kon met die meisie praat.<br>• Die sakkie het wonderwerke gedoen.<br>• Die sakkie het die meisie se lewe verander.<br>• Die sakkie het die meisie se lewe gered.<br>• Die towersak het 'n spesiale krag gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.30 | jou woord moet hou. | 1 |

